Bayer Environmental Science

Before using this product read the label carefully. / Lees die etiket noukeurig alvorens die produk gebruik word.

K-O Gard® SC 10

Garden and Lawn Treatment / Tuin en Grasperk Behandeling

Reg. No. L4794 Act No. 36 of 1947
Namibian Reg. No. N-AR 0429

Reg. Nr. L4794 Wet Nr. 36 van 1947
Namibiese Reg. Nr. N-AR 0429

A SUSPENSION CONCENTRATE FOR THE CONTROL OF HARVESTER TERMITE, LAWN CATERPILLAR, GARDEN ANTS IN LAWNS AND VARIOUS PESTS ON FLOWERING PLANTS AND ORNAMENTALS. FOR USE IN HOME GARDENS, RECREATIONAL SPORTS GROUNDS, PARKS AND GARDENS.

'N SUSPENSIE KONSENTRAAT VIR DIE BEHEER VAN GRASDRAERTERMIET, GRASPERKRUSPE, MIERE IN GRASPERKE EN VERSKEIE PLAE VAN BLOM- EN SIERPLANTE. VIR GEBRUIK IN HUISTUINE, SPORTGRONDE, PARKE EN TUINE .

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL:

Deltamethrin (pyrethroid) 10 g/ℓ Deltametrien (piretroïed)

NET CONTENTS: / NETTO INHOUD: 100 ml, 200 ml, 1, ℓ

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER:

Bayer (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
Reg. No. / Nr. 1968/011192/07
P.O. Box / Posbus 143
ISANDO 1600
SOUTH AFRICA / SUID-AFRIKA
TEL: (011) 921 5911

Batch no./Lotnommer:

Date manufactured/Datum vervaardig:

K-O GARD® is a registered trademark of Bayer / is ‘n geregistreerde handelsmerk van Bayer.

UN No. / VN Nr. 3082

WARNINGS:

Handle with care.
Poisonous by contact, swallowing or inhalation.
Toxic to fish and animals. Relatively non-toxic to honeybees.
May cause irritation of the skin, eyes, mucous membranes and skin sensitization.
Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
Store in a cool place away from food and feedstuffs.
Use of this material in a manner other than in accordance with directions, may injure plants or produce undesirable results.

PRECAUTIONS:

Do not use in the presence of persons with known sensitivity to pyrethroids.
In the case of signs of sensitivity, obtain medical advice.
Do not inhale spray mist.
Wear gloves when preparing the spray mixture.
Wash clothing if contaminated.
Wash immediately after accidental skin contact with soap and cold water.
Do not eat, drink or smoke whilst applying, mixing or before washing hands and face.
Prevent contamination of fish ponds, food, eating utensils and drinking water.
Clean applicator thoroughly before re-using with other material.
Dispose of wash water where it will not contaminate edible crops or water.
Keep animals and children away from spilt material.
Rinse empty container three times with a volume of water equal to 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container.
Destroy empty container and do not re-use for any other purpose.

DIRECTIONS FOR USE: USE ONLY AS DIRECTED.

1. Lawns

   NORTHERN HARVESTER TERMITE
   Dilute 20 ml / 5 ℓ water and apply to lawns at 5 ℓ spray mixture per 100 m^2 to stop activity for several weeks. Repeat when activity is noticed again.

   LAWN CATERPILLAR
   Dilute 5 ml / 10 ℓ water and apply to lawns by means of a watering can at a rate of 10 ℓ mixture per 20 m^2 when infestation is noticed.

2. Home Gardens

   ANTS
   Dilute 5 ml / 5 ℓ water and pour mixture into ant nests, ensuring that soil is well wetted. Repeat if ants re-establish themselves.

   CUTWORMS
   Dilute 5 ml / 10 ℓ water to treat 40 m^2. Spray evenly as a surface spray on damp soil prior to or just after planting. A light sprinkling of water after spraying is beneficial.

3. Flowers and Ornamentals

   AMERICAN BOLLWORM
   Dilute 5 ml / 10 ℓ water and spray at first signs of infestation. Ensure good coverage. Repeat when necessary.

   APHIDS

Dilute 5 ml / 5 ℓ water and spray at first signs of infestation. Ensure good above and below leaf coverage. Repeat when necessary.

AUSTRALIAN MEALYBUG
Dilute 10 ml / 5 ℓ water and spray when first signs of infestation are noticed. Direct spray at the insects using as high a pressure as possible to blow the egg sacks apart. Wet plants thoroughly.

CHAFER BEETLES
Dilute 5 ml / 10 ℓ water and spray when first leaf damage is noticed. Roses and holly-hocks are good indicator plants. Beetles feed at night. Repeat when signs of feeding are seen again on new leaves.

FLOWER BEETLE
Dilute 5 ml / 5 ℓ water and apply spray when beetles are first noticed ensuring that flowers are well wetted. Roses and cannas are especially prone to attack. Repeat at 7 day intervals for as long as necessary.

SHORTHORNED GRASSHOPPERS
Dilute 15 ml / 10 ℓ water and spray at first sign of infestation. Repeat when necessary.

BLACK AND YELLOW BANDED (LILY)BORER
Dilute 5 ml / 5 ℓ water and spray at first sign of infestation. Thoroughly wet the crown as larvae hide and feed there by day. Repeat spray 7 days later if re-infestation occurs. Daffodils, amaryllis and agapanthus, as well as many other bulbs are susceptible to attack.

THRIPS
Dilute 5 ml / 5 ℓ water. Gladioli leaves assume a reddish brown speckled appearance when attack is severe. Pale marks appear on flowers which may not develop. Other plants are also prone to thrips attack, e.g. canna, carnation and daffodil showing similar symptoms which should not be confused with a spider mite attack.

SHIELDBUGS
Dilute 5 ml / 5 ℓ water. Ensure full coverage of growing tips and young growth. Repeat when necessary.

WHITEFLY
Dilute 5 ml / 5 ℓ water and spray at first signs of infestation, preferably before plants become sticky with honeydew or covered in sooty mould. Repeat at weekly intervals. Ensure good coverage of both upper and lower leaf surfaces.

For any product enquiry, contact Bayer Environmental Science - 011 921 5911. For poisoning emergencies only, Griffon Poison Information Centre may also be contacted - 082 446 8946.

K-O GARD® is a registered trademark of Bayer.

© Bayer (Pty.) Ltd. All unauthorized reproduction of this label is forbidden.

www.bayergarden.co.za

WAARSKUWINGS:

Hanteer versigtig.
Giftig met kontak, ingesluk of ingeasem.
Giftig vir vis en diere. Relatief nie-giftig vir heuningbye.
Kan vel, oë en slymvliese irriteer en vel sensitiseer.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Bewaar in 'n koel plek, weg van voedsel en voer.
Die gebruik van hierdie middel op 'n manier anders as wat voorgeskryf is, mag plante beskadig, of ongewenste resultate tot gevolg hê.

VOORSORGMAATREËLS:

Moet nie in die teenwoordigheid van persone wie sensitief is vir piretroïede, gebruik nie.
In die geval van tekens van sensitiwiteit, kry mediese hulp.
Moet nie spuitnewel inasem nie.
Dra handskoene wanneer die spuitmengsel aangemaak word.
Was klere indien dit besmet is.
Was onmiddellik met seep en koue water na toevallige velkontak.
Moet nie eet, drink of rook gedurende bespuiting, vermenging of alvorens hande en gesig gewas is nie.
Voorkom besmetting van visdammetjies, eetgerei, voedsel en drinkwater.
Maak alle spuitapparaat deeglik skoon, voordat dit weer gebruik word.
Doen weg met waswater, waar dit nie eetbare gewasse of water sal besmet nie.
Indien van die produk gestort word, hou kinders en diere weg.
Spoel leë houer drie keer uit met 'n volume van water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word. Vernietig leë houer en moet vir geen ander doel gebruik nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI.

1. Grasperke

   NOORDERGRASDRAERTERMIET
   Verdun 20 ml / 5 ℓ water en spuit 5 ℓ mengsel per 100 m^2 wanneer termiete opgemerk word, om aktiwiteit vir etlike weke te staak. Herhaal wanneer termiete weer opgemerk word.

   GRASPERKRUSPE
   Verdun 5 ml / 10 ℓ water en dien toe deur middel van 'n gieter. Gebruik 10 ℓ mengsel per 20 m^2 wanneer plaag opgemerk word.

2. Huistuine

   MIERE
   Verdun 5 ml / 5 ℓ water en gooi mengsel in miernes af; sorg dat die omliggende grond goed benat word. Herhaal as miere hulself later hervestig.

   SNYWURMS
   Verdun 5 ml / 10 ℓ water om 40 m^2 te behandel. Spuit egalig as 'n oppervlakbespuiting op klam grond, voor of net na plant. 'n Ligte sprinkel met water na bespuiting is voordelig.

3. Blom- en Sierplante

   AMERIKAANSE BOLWURM
   Verdun 5 ml / 10 ℓ water en spuit met eerste tekens van besmetting. Verseker dat plante deeglik benat word. Herhaal wanneer nodig.

PLANTLUISE
Verdun 5 ml / 5 ℓ water en spuit sodra die plaag opgemerk word. Verseker goeie benatting aan die bo- en onderkant van blare. Herhaal indien nodig.

AUSTRALIESE WOLLUIS
Verdun 10 ml / 5 ℓ water en spuit sodra die plaag opgemerk word. Gebruik so hoë druk as moontlik en rig bespuiting direk op die insekte om eiersakke stukkend te spuit. Benat plante deeglik.

LENTEKEWERS
Verdun 5 ml / 10 ℓ water en spuit wanneer eerste blaarbeskadiging opgemerk word. Rose en stokrose is goeie indikator plante. Kewers vreet snags. Herhaal wanneer vreetskade weer op nuwe blare opgemerk word.

BLOMKEWER
Verdun 5 ml / 5 ℓ water en spuit met eerste tekens van besmetting; sorg dat die blomme goed benat word. Veral rose en kannas is onderhewig aan aanvalle. Herhaal met 7 dae tussenposes vir so lank as wat dit nodig mag wees.

KORTHORINGSPRINKANE
Verdun 15 ml / 10 ℓ water en spuit met eerste tekens van besmetting. Herhaal wanneer nodig.

SWART EN GEEL GESTREEPTE (LELIE)BOORDER
Verdun 5 ml / 5 ℓ water. Spuit met eerste tekens van besmetting. Benat die hart van plante deeglik, aangesien larwes hier vreet en wegkruip gedurende die dag. Spuit weer 7 dae daarna as herbesmettings voorkom. Affodille, amarille en agapante, sowel as baie ander blombolle word aangeval.

BLAASPOOTJIES
Verdun 5 ml / 5 ℓ water. Gladiolus blare word rooi-bruin gespikkeld wanneer besmetting straf is. Bleek merke verskyn op die blomme wat soms nie ontwikkel nie. Ander plante is ook aan blaaspootjie-aanvalle onderhewig bv. varkblom, angelier en affodil. Wys soortgelyke simptome, wat nie met spinmyt-aanval verwar moet word nie.

STINKBESIES
Verdun 5 ml / 5 ℓ water. Sorg dat groeipunte en jong groei benat word. Herhaal wanneer nodig.

WITVLIEG
Verdun 5 ml / 5 ℓ water. Spuit sodra die plaag opgemerk word, voordat plante klewerig met heuningdou of met swart skimmel bedek word. Herhaal met 7 dag tussenposes. Verseker deeglike benatting van sowel die bo- as onderkant van die blare.

Vir enige produk navrae, skakel Bayer Environmental Science - 011 921 5911. Slegs vir vergiftigingsnoodgevalle kan Griffon Gif Inligtingsentrum ook gekontak word - 082 446 8946.

K-O GARD® is 'n geregistreerde handelsmerk van Bayer.

© Bayer (Edms.) Bpk. Alle ongemagtigde kopiëring van die etiket is verbode.

www.bayergarden.co.za